PERSVERKLARING

DIE VOLGENDE 100 JAAR VAN LANDBOU IN OËNSKOU

Senwes se jaarlikse Jongboer Toekomsfokusdag, wat op 17 September op NAMPO Park aangebied word, sal jongboere die geleentheid bied om die volgende 100 jaar van landbou saam met 'n span deskundiges te bepeins.

Die sesde jaarlikse Senwes Jongboer Toekomsfokusdag beloof om 'n hoogtepunt op die agri-kalender te wees en word in samewerking met Agri NW en Vrystaat Landbou se jongboerverenigings, sowel as Graan SA en OFM, aangebied.

Dawie Roodt (hoof-ekonoom van The Efficient Group) – 'n bekende Suid-Afrikaanse ekonomiese kenner – sal met jongboere oor die makro-ekonomiese perspektief gesels, ekonomiese tendense bespreek en praat oor dinge wat ekonome dikwels nie sê nie. Dr. Ferdinand Meyer (programleier en stigterslid van die Buro vir Voedsel en Landboubeleid) sal ook teenwoordig wees om sy kennis met betrekking tot die politiek en agri-besigheid ten opsigte van landboumarktendense met jongboere te deel. Verder sal die wêreldbekende besigheid-tot-besigheid motiveringspreker, Michael Jackson, gaste met sy kleurvolle aanbieding vermaak en inspireer.

Volgens Francois Strydom (Direkteur: Bedryf, Senwes) moet die jongboer van vandag meer as ooit ingelig en op datum wees. Hy moet veilige voedsel op die mees kompeterende wyse aan die plaaslike en internasionale mark voorsien, terwyl hy sy eie onderneming op 'n volhoubare basis vestig en uitbrei. "Dit maak van die Toekomsfokus-dag 'n moet om by te woon," het hy gesê.

Moenie hierdie insiggewende dag misloop nie. Registrasie begin om 08:30 en toegang beloop R50 per persoon – betaalbaar tydens registrasie. Fondse wat gegenereer word, word aan die jongboerverenigings van Agri NW en Vrystaat Landbou geskenk. Skakel 080 941 4011 tolvry vir meer inligting.

\- EINDE –

UITGEREIK DEUR INFOWORKS OP 15 SEPTEMBER 2009
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
Sel: 082 553 7806
johan@infoworks.biz

NAMENS: Johan Dique
Besturende Direkteur: Senwes
Tel: +27 18 464 7656
johan.dique@senwes.co.za

www.senwes.co.za